

DIE BRUG NA 'N BEVREDIGENDE LEWE

Hulle het sy geraamte langs 'n noodskuiling op 'n verlate eiland in die mid-Atlantiese Oseaan givind. Die onbekende seeman het 'n dagboek gehou wat sy vier-maande-lange ontbering beskryf. Hy is in 1725 van Ascension-eiland af deur die Hollandse vloot die oseaan ingestuur vir een of ander ongenoemde misdaad. Dit was nie lank nie of hy moes die bloed van seeskilpaaie drink net om sy versengende dors te les. Die man se fisiese lyding was intens, maar in sy dagboek word 'n nog groter pyn aangeteken: sy oorweldigende skuldgevoel.

Folterende woorde soos: “Watter wroeging ervaar die ellendige mensekind wat die pad van geregtigheid verlaat het, gelukkig om die getalle van die verdoemdes te vermeerder.” Hierdie seeman se grootste verlatenheid op daardie eensame eiland het gekom as gevolg van die besef dat hy van God geskei is. Dit is wat op die einde ondraaglik geword het.

Die mens het al met daardie afsondering van die hart gestry sedert Adam en Eva “hulle verberg (het) vir die aangesig van die Here God tussen die bome van die tuin” nadat hulle van die verbode vrugte geëet het (Genesis 3:8). Die vreemde nuwe emosies van skaamte, skuldgevoel en vrees het daardie eerste egpaar gedryf om weg te hardloop toe God hulle geroep het. Ongelukkig is daardie gevoelens nou ook aan ons baie bekend.

Wat is dit wat 'n skeiding tussen ons en God veroorsaak?

“Maar julle ongeregthede het 'n skeidmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg.” – Jesaja 59:2. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes uit die ONTDEK Gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Daardie groot golf wat die sondige mensekind van God isoleer, is nie Sy toedoen nie. God het nie weggehardloop van Adam en Eva af nie – hulle het van Hom af weggehardloop.

1. BEVREDIG JOU VERBORGE HONGER

Voordat sonde die prentjie bederf het, het Adam en Eva vertroulikheid met hulle Skepper in die pragtige Tuin in Eden wat hulle tuiste was, geniet. Tragies dat hulle die Satan se leuen geglo het dat hulle wyser as God sou word en die vertrouensband met hulle Maker verbreek het (Genesis 3).

Nadat hulle uit die Tuin van Eden verban is, het Adam en Eva gevind dat die lewe aan die buitekant baie moeiliker was. Om kinders in die wêreld te bring en die aarde te bewerk het nou met bloed, sweet en tranes gepaard gegaan. Hulle noue verbintenis met God is verbreek, hulle het nou gevind dat hulle kwesbaar was vir onbevredigde begeertes en pynlike hartstogte – die eensaamheid van sonde.

Sedert Adam en Eva se eerste rebelse daad het *almal* (die ganse mensdom) in dieselfde sondige patroon verval en almal is bestem om te sterf, die sonde se uiteindelijke straf.

“Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en SO DIE DOOD TOT ALLE MENSE DEURGEDRING HET, omdat ALMAL GESONDIG het.” – Romeine 5:12.

Ons ondervind almal 'n groot hartsbegeerte na dit wat ons verloor het, 'n verlange na 'n soort sekuriteit wat slegs God kan bied. Ons probeer dikwels daardie verlange bevredig deur inkopies te doen, of in 'n malle gejaag na promosie by die werk, of deur eenvoudig daardie begeerte te stil met alkohol, dwelms of uitspatigheid.

Maar al ons begeertes is simptome van 'n eensaamheid vir God. En daar is geen kuur behalwe om Sy liefde in jou lewe te ondervind.

“U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig.” – Psalm 16:11.

Ware tevredenheid sal slegs ondervind word wanneer die gaping tussen ons en God oorbrug word en ons in staat sal wees om oor te stap na Sy teenwoordigheid.

2. OORBRUG DIE KLOOF VAN SONDE EN DOOD

Dit was nie slegs mense wat eensaamheid ondervind het as gevolg van sonde nie. God het ook hartseer ervaar op die dag toe Adam en Eva hulle rug op Hom gedraai het. En Hy treur nog steeds oor menslike hartseer en tragedies. God is gretig om ons verborge verlangens te bevredig en om ons emosionele wonde te heel. Hy was nie tevrede om bloot simpatiek na ons te kyk nie, oor die kloof heen wat ons van Hom verwyder. God het besluit om 'n brug oor daardie kloof van sonde en dood te word.

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.” – Johannes 3:16, 17.

God het Sy Seun gegee, en Jesus het Sy lewe gegee as 'n offer vir sonde, deur Self die prys van die dood te betaal. Sy lewe, dood en opstanding het vergifnis en redding van sondaars moontlik gemaak sonder om die sonde as iets kleins te laat lyk en het aan die heelal 'n uitbeelding van die ware karakter van Christus en Satan gegee. Die brug van Christus se gebroke, bloeiende liggaam trek mense terug van die lokval van sonde af. Liefde oorbrug daardie kloof en maak dit moontlik vir almal wat hulle geloof in Christus as Heer en Verlosser plaas om oor te stap na die ewige lewe.

3. SEWE NOODSAAKLIKE FEITE WAT JY AANGAANDE JESUS MOET WEET

Hierdie sewe feite aangaande Jesus is nie waar van enige ander persoon wat ooit geleef het nie:

(1) Jesus het van die Hemel af Aarde toe gekom:

Wat sê Jesus, hoe lank het Hy al bestaan?

“Voordat Abraham was, is Ek!” – Johannes 8:58.

Jesus het die wêreld in kennis gestel: “Ek is!” Ek het altyd bestaan en Ek sal altyd bestaan. Alhoewel Jesus van 'n menslike moeder gebore is (Matteus 1:22, 23), is Hy God – God in menslike gedaante.

Dwight L. Moody, die Billy Graham van die 19de eeu, het eenmaal van die menswording van Jesus gesê: “Dit sou 'n groot opoffering vir Jesus gewees het om te kom en in 'n silwer wieggie gewieg te word, om deur 'n engel versorg te word, en met 'n goue lepel gevoer te word. Maar die Skepper van die hemel en die aarde het gekom en soos 'n mens geword, en is in 'n stal gebore as die Seun van arm ouers en in die slegste omgewing moontlik.”

'n Engel het aan Josef gesê ten tye van Jesus se geboorte:

“Sy [Maria] sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is HY WAT SY VOLK VAN HULLE SONDES SAL VERLOS.” – Matteus 1:21.

Jesus, die Skepper van die heelal (Johannes 1:1-3, 14), was gewillig om na ons wêreld te kom om ons van die sonde en dood te red.

(2) Jesus het 'n sondelose lewe gelei

“Jesus, die Seun van God, ...een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.” – Hebreërs 4:14, 15.

God het meer gedoen as om ons net met praat te oortuig om 'n sondige lewe te laat vaar en 'n meer bevredigende lewe te voer. Deur hier as 'n mens te lewe, het Jesus 'n lewe wat sondeloos is meer aantreklik gemaak as wat enige preek ooit kon doen.

Satan, Christus se teenstander, het regdeur Jesus se aardse lewe planne beraam om Hom in sonde te verlei. In die wildernis het die Duiwel sy wreedste aanval teen Sy integriteit geloods (Mattheus 4:1-11). In Getsemanè, net voor Sy kruisiging, het die druk van die versoeking so geweldig geraak, dat Jesus druppels bloed gesweet het (Lukas 22:44).

Maar Christus het vas gestaan teen alles wat die Duiwel na Hom gegooi het – “Nogtans sonder sonde.” Omdat Jesus die hele spektrum van menslike probleme en versoekings ondervind het, verstaan Hy ons stryd. Hy is in staat om “met ons swakhede medelye te hê” (Hebreërs 4:15).

Waarom was dit nodig vir Jesus om 'n sondelose lewe te lei?

“Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.” – 2 Korinthiërs 5:21.

Jesus het versoekings oorwin en 'n sondelose lewe gelei sodat Hy dit aan ons kon deurgee in ruil vir ons ou lewens gevul met sonde.

(3) Jesus het gesterf om sonde weg te neem

Hoeveel mense het sonde gedoen?

“Want ALMAL het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.” – Romeine 3:23.

Wat is die straf vir sonde?

“Want die loon van die sonde is die DOOD, maar dig genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.” – Romeine 6:23.

Waarom het Jesus gesterf?

“Daar is die Lam van God wat DIE SONDE VAN DIE WêRELD WEGNEEM!” (Johannes 1:29).

Ons het almal sonde gedoen en is dus onderworpe aan die ewige dood, maar Jesus het in ons plek gesterf. Hy het “sonde vir ons” geword. Hy het die doodstraf vir ons betaal. Sy dood was 'n geskenk, 'n gawe, en “die GENADEGAWE van God is die EWIGE LEWE in Christus Jesus ons Here” (Romeine 6:23).

Jesus het Sy volmaakte, regverdige lewe vir ons afgelê as 'n liefdesgeskenk aan ons. So 'n liefde is vir die mens byna onverstaanbaar. En as gevolg van Sy dood “het ons VREDE by God” (Romeine 5:1).

(4) Jesus het uit die Dood opgestaan

Jesus se dood aan die kruis was nie die einde van sy merkwaardige verhaal nie. Hy kon nie dood bly en nog ons Verlosser wees nie.

“En as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore.” – 1 Korinthiërs 15:17, 18.

Mohammed en Boedha het groot filosofiese waarhede aan die wêreld gebring. Hulle het die lewens van miljoene mense beïnvloed, maar hulle het geen bonatuurlike krag om lewe te gee gehad nie, aangesien hulle nog steeds in hulle grafte is.

Omdat Jesus op die derde dag na Sy dood uit die graf opgestaan het, watter belofte was Hy in staat om aan ons te maak?

“Omdat Ek lewe en julle sal lewe.” – Johannes 14:19.

Jesus lewe! Omdat Hy mag oor die dood het, kan Hy ons van die dood verlos en aan ons lewe bied wat oorvloedig en ewig is. Hy sal in ons harte woon as ons Hom innooi. Die verre Christos is hier teenwoordig om ons behoeftes vandag te vervul.

“En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” – Mattheus 28:20.

Manne en vroue van dwarsoor die wêreld vertel verhale van hoe Christus hulle van die ergste verslawings en die diepste emosionele traumas verlos het.

Een van ons vorige studente het hierdie woorde van dank op een van sy antwoord blaai geskryf: “Ek was ‘n alkoholis. Eendag terwyl ek dronk was, het ek ‘n kaartjie op die sypaadjie sien lê wat julle Bybelkursus adverteer. Ek het dit opgetel, ingevul en het vir die eerste maal ‘n ware kennis van Christus gekry. Kort nadat ek die Bybelkursus voltooi het, het ek my hart aan God gegee en het alle smaak vir whiskey verloor.”

Toe Jesus besit geneem het van hierdie man se lewe, het ‘n nuwe krag hom die vermoë gegee om sy verslawing te oorwin. Omdat Christus die opgestane Verlosser is, kan Hy almal red wat na Hom toe kom vir hulp.

(5) Jesus het na die Hemel opgevaar

Voordat Jesus na Sy Vader teruggekeer het na Sy opstanding (Handelinge 1:9), het Hy hierdie belofte aan Sy volgelinge gemaak:

“Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings, ... Ek gaan om VIR JULLE ‘N PLEK TE BEREI, en as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” – Johannes 14:1-3.

(6) Jesus dien as Hemelse Priester

Jesus werk aanhoudend daaraan om ons vir ‘n plek in die hemel voor te berei.

“Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy ‘n barmhartige en getroue HOËPRIESTER kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. Want deurdadig Hy self onder versoeking gely het, kan hy dié help wat versoek word.” – Hebreërs 2:17, 18.

Jesus het na ons wêreld toe gekom om “versoening te doen vir die sonde van die mense,” en om ons te verlos van die ellende en verslawing aan sonde. Hy het gesterf om ons te verlos sodat Hy uiteindelik die oorsaak van sonde, lyding en dood kan uitwis deur die Duiwel te vernietig.

Jesus as ons Hoëpriester is “in elke opsig aan ons gelykgestel.” En Hy verskyn nou voortdurend voor die aangesig van die Vader terwille van ons as ons Middelaar. Dieselfde Jesus wat die kinders geseën het, wat die owerspelige vrou reggehelp het en die sterwende dief aan die kruis vergewe het, werk nou in die hemel om voorspraak te maak vir ons behoeftes, “om diegene wat versoek word, te help.”

(7) Jesus sal terugkom

Voordat Jesus na die hemel teruggekeer het, watter belofte het Hy gemaak?

“En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, KOM EK WEER en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” – Johannes 14:3.

Wanneer Jesus terugkom, sal Hy ons van die sonde, siekte, tragedies en dood wat hierdie planeet besoedel, verlos. En Hy sal ons in ‘n nuwe wêreld van ewige geluk en die ewige lewe verwelkom.

4. ONFEILBARE LIEFDE

Daar word ‘n verhaal vertel van ‘n gereëde huwelik in Taiwan tussen U Long en ‘n jong vrou met die naam “Goue Blom.” Toe U Long na die seremonie die sluier van sy bruid se gesig wegneem, was hy geskok en vervul met weersin. Haar gesig was vol letsels veroorsaak deur pokke.

Na daardie dag, wou U Long so min as moontlik met sy vrou te doen hê. Sy het haar bes probeer om hom gelukkig te maak; sy het hard gewerk by die huis, in die hoop dat haar man haar uiteindelik sal aanvaar. Maar hy het koud en eensydig gebly te midde van al haar bewyse van liefde.

Na twaalf jaar van hierdie skynhuwelik, het U Long begin blind word in albei sy oë. ‘n Geneesheer het hom meegedeel dat hy heeltemal blind sal word as hy nie ‘n kornea oorplanting kry nie. Maar die operasie was duur en daar was ‘n lang waglys.

Goue Blom het in die aande laat begin werk om strooi hoede te maak om ekstra geld te verdien. Een dag is U Long meegedeel dat iemand se kornea beskikbaar is na ‘n ongeluk. Hy is haastig hospitaal toe om die operasie te ondergaan.

Nadat hy herstel het, het hy teensinnig besluit om sy vrou te gaan sien om haar te bedank vir die geld wat sy ingesamel het vir sy operasie. Toe hy haar kop wat vooroor gebuig was ophig sodat sy na hom kon kyk, het U Long geskrik. Sy het na hom gestaar met blinde, leë oë, die kornea verwyder. Vervul met emosie, het hy by haar voete neergesak en geween. En toe vir die eerste maal het hy haar naam gefluister: Goue Blom.

Jesus verlang na ‘n verhouding met diegene wat so lank onverskillig teenoor Hom gestaan het. Hy wag daarvoor dat ons uiteindelik Sy naam as ons Verlosser sal fluister. Hy was gewillig om nie net Sy oë nie, maar Sy hele liggaam vir ons op te offer om Sy onfeilbare liefde vir ons te demonstreer. Sy liefde is so magtig dat Christus “in die wêreld gekom het om sondaars te red” (1 Timoteus 1:15).

Christus se groot offer het ‘n brug geskep wat strek oor ons onverskilligheid, wat ons verwydering oorbrug. Het jy al persoonlik ontdek dat Hy jou oor die kloof wil trek in Sy arms in? Sal jy antwoord en bid: “Jesus, ek het U lief. Dankie vir U onbeskryflike offer. Kom in my hart en red my nou – red my heeltemal, red my volledig en red my vir ewig”?

JESUS

HET GEKOM as God in ‘n menslike liggaam.

HET GELEWE, sonder sonde, en in ons plek.

HET GESTERF vir ons sondes.

HET OPGESTAAN om ons van die dood te verlos.

HET OPGEVAAR om ‘n tuiste in die hemel vir ons voor te berei.

DIEN elke dag as ons Hoëpriester.

KOM SPOEDIG WEER om ons vir ewig saam met Hom te neem.